HOOFSTUK 1

1. INLEIDING

1.1 Oriëntering en motivering

Die toenemende aantal immigrantekinders wat sedert die stigting van die Departement van Immigrasie in 1961[1], in die Republiek van Suid-Afrika by skole inskryf, skep 'n besondere, steeds groter wordende probleem in die onderwys. Die jaarlikse netto wins van ongeveer 7 000 immigranteskoliere[2], wat uit die jaarlikse toelating van ± 40 000 immigrante[3] tot die R.S.A. voortspruit, word verder deur die natuurlike aanwas van immigrante aangevul[4]. Sommige van die plaaslik gebore immigrantekinders kom uit immigrantekonsentrasiegebiede waar die kulturele agtergrond, die gees en rigting van die opvoeding van die land van herkoms gehandhaaf word[5]. Hulle is gevolglik byna net so vreemd as diegene wat van die buiteland immigreer.

Vanweë hulle verskeidenheid kan en mag hierdie immigrantekinders, afkomstig uit verskillende lande van Europa, Afrika, Noord- en Suid-Amerika, Oseanië en Asië[6], nie as 'n homogene groep bejeën word nie. Behalwe hulle genetiese verskil verteenwoordig hulle ook 'n verskeidenheid taalgroepe soos Semities-Hamities, Fins-

---

1. Swart, C.R. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 1, 20 - 27 Januarie 1962, p. 11.
2. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1970, p. B - 12.
3. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 3.
4. Loc. cit.
5. Onderhoude met hoofde van skole en onderwyseresse van Graad 1-klasse.
6. Vergelyk paragrawe 3.3.2, tabel 9 en 3.3.3, tabel 10; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1970, p. B - 10.

Oegries, Balto-Slawies, Grieks, Italies, Kelties en Germaans[7]. Die verskil in nasionale herkoms impliseer dat die immigrante onderling net so verskil as wat hulle van die Suid-Afrikaners verskil en dat die kultuurafstand tussen hulle ook gradueel varieer[8]. Die onderwys moet dus vir hierdie heterogeniteit van die immigrantekinders voorsiening maak.

Hierdie getals- en verskeidenheidsprobleme word verder gekom=pliseer deur die sporadiese en variërende patroon waarvolgens immigrantekinders deur die jaar heen by skole inskryf, afhangende van die omstandighede waaronder hulle ouers oorsee gewerf word. So byvoorbeeld word soms slegs 'n enkele Tsjeg by 'n Afrikaansme=dium sekondêre skool gedurende Oktober ingeskryf nadat die gesin vanweë ideologiese redes uit hulle vaderland gevlug het[9]. Soms is daar weer 'n vlaag immigrante soos die Engelse en Ierse kinders wat gedurende April en Mei 1972 in verskillende klasse in Engels=mediumskole ingeskryf het[10]. Hulle ouers is op groot skaal in Engeland tydens die steenkool- en dokstakings gedurende Januarie en April 1972 en in Ierland, waar die godsdienstryd sedert Maart 1972 toegeneem het, vir die uitbreidende yster-en-staalnywerhede gewerf. In een geval weer het 62 Portugese kinders, waarvan 39 in die Republiek van Suid-Afrika gebore is, op die eerste skool=dag van 1972 in Graad 1 by een Engelsmedium primêre skool inge=skryf[12]. Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat die toelating van

---

7. Lecoutere, C.P.F. & Grootaers, L. Inleiding tot de taal=kunde en tot de geschiedenis van het Nederlands, pp. 76, 269 en 287.
8. Lewis, E. Glyn. Immigrants, their languages and develop=ment. Trends in education, no. 19, Julie 1970, pp. 25 - 32.
9. Persoonlike inligting van immigrantekinders.
10. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabelle 28, 29, 30 en 31.
11. Persoonlike waarneming van televisieprogramme van die British Broadcasting Corporation, 1972.
12. Persoonlike inligting van Graad 1-immigrantekinders in die betrokke skool.

immigrantekinders sporadies is en dat hulle oneweredig versprei is in skole, sodat skole gevolglik in wisselende mate geraak word.

Die verspreidingspatroon en vestigingsproses van die immigrante veroorsaak van die moeilikste probleme in die onderwys. As gevolg van die nywerhede se mannekragbehoeftes gaan immigrasie ook gepaard met in-migrasie van die Suid-Afrikaanse burgers, wat van die platteland na die nywerheidstede stroom[13]. Die immigrante trek ook in die nywerheidsgroeipunte saam, waar hulle vestigingspatroon in die reël volgens nasionaliteit varieer[14]. Die vestiging van immigrante in sommige stedelike woonbuurte, waar immigrante van sekere nasionaliteite saamtrek, gaan soms gepaard met die uitwyk van die Suid-Afrikaanse burgers na ander, verkieslik meer landelike woonbuurte[15]. Die gevolg is dat sommige skole in die immigrantekonsentrasiegebiede oorbevolk word deur immigrantekinders van een of 'n verskeidenheid nasionaliteite, terwyl ander omliggende skole se getalle afneem en skole in die landelike woonbuurte geen, of baie min immigrantekinders trek[16].

Die skole waar immigrantekinders van een of 'n verskeidenheid nasionaliteite akkumuleer vanweë die immigrante se voertaalkeuse of woonbuurtvoorkeur, word met die volgende probleme gekonfronteer:

(1) Die Suid-Afrikaanse ouers onttrek hulle kinders aan hierdie skole uit vrees dat die groot getal immigrantekinders

---

13. Venter, J.D. Die immigrant en die ekonomie; Maatskappy vir Europese Immigrasie. Referate gelewer by die eerste Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, p. 47.
14. Wirth, L. On cities and social life, p. 84.
15. Onderhoude met skoolhoofde;
Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, kaarte 2 en 3.
16. Statistiese inligting deur hoofde van skole verskaf;
Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

hulle kinders se vordering sal rem en die onderwyspeil sal verlaag[17].

(2) Dit maak dit vir die immigrantekinders moeilik om by die Suid-Afrikaanse onderwys en leefwyse aan te pas, aangesien hulle die noodsaaklike verkeer en kontak met die Suid-Afrikaanse kinders moet ontbeer[18].

(3) Die immigrantekinders leer nie die voertaal van die skool en nog minder die tweede amptelike taal suiwer aan nie[19]. Die verklaring hiervoor is dat sommige van die immigrantekinders die nuwe taal selde buite die klaskamer suiwer hoor of geleentheid kry om dit te gebruik omdat hulle in hulle eie spel en omgang met mekaar hulle moedertaal handhaaf[20].

Opeenhoping van immigrantekinders in skole en veral in klasse, soms wel in so 'n mate dat die Suid-Afrikaanse kinders 'n minderheid vorm[21], skep remmende invloede ten aansien van inburgering en die aanleer van die landstale en die land se gebruike en leefwyse[22].

Kommunikasie is ongetwyfeld ab initio 'n probleem vir die immigrante, aangesien die R.S.A. twee gelykberegtigde amptelike tale het[23]. Die taalvoorkeur van die immigranteouer bepaal die voertaal van die kind en bygevolg of die kind in 'n Afrikaans-

---

17. Onderhoude met ouers.
18. Persoonlike waarneming vanaf 1962.
19. Onderhoude met onderwysers.
20. Palmer, G.H. Through the eyes of an immigrant. Times educational supplement no. 2830, 15 Augustus 1969, p. 17.
21. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabelle 29, 30 en 31.
22. Onderhoude met skoolhoofde; Vergelyk paragraaf 1.4.5.
23. Republiek van Suid-Afrika. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 32 van 1961, art. 108.

of Engelsmediumskool teregkom[24]. Die immigrantekinders afkomstig uit Engelssprekende lande het nouliks 'n ander keuse as om hulle kinders in Engelsmediumskole, waar hulle Afrikaans as tweede taal leer, te plaas[25]. Engels is beslis die oorwegende kommunikasiekeuse van die res van die immigrante, ook al is die Kontinentaal-Germaanse tale verwant aan Afrikaans[26]. 'n Tweede en baie belangrike probleem wat die voertaalkeuse van immigrante beïnvloed, is die godsdiens. 'n Groot persentasie immigrante is Rooms-Katoliek,[27] terwyl die Afrikaansmediumskole sterk Protestants georiënteer is[28]. Ook dit bring mee dat die toeloop van immigrantekinders na Engelsmediumskole groter is.

Een van die belangrikste implikasies van die taalvoorkeur van immigrantekinders is dat waar immigrante hulle vestig, hulle kinders in Engelsmediumskole akkumuleer, met die gevolg dat die Suid-Afrikaanse kinders uit die skole padgee[29]. Verder wissel die taal wat hierdie immigrantekinders in Engelsmediumskole praat, van standaard Engels, Britse en Amerikaanse Engelse dialekte[30] tot Kreools, omdat talle immigrantekinders op skool met Engels en daarbuite met 'n ander taal te doen kry. Boonop word die geleentheid om die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon te beleef en in die Suid-Afrikaanse leefwyse op te gaan deur akkumulering beperk. Waar die immigrantekind só twee verskillende taalomgewings beleef, hou dit die gevaar van taalkonflik in[31].

---

24. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. 809. Medium van onderrig. Staatskoerant no. 2398, 16 Mei 1969, p. 5.
25. Loc. cit.
26. Vergelyk paragrawe 3.3.5, tabel 11 en 4.3.4.
27. Onderhoude met hoof van private Engelsmediumskool en met kinders in Engelsmedium primêre en sekondêre skole.
28. Coetzee, J.C. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 375; Studiesentrum van die Sinodale kommissie vir Protestantse aksie van die Ned. Geref. Kerk in S.A. Protestants en Rooms. Twee benaderinge tot opvoeding in die onderwys in die R.S.A., p. 17.
29. Vergelyk paragraaf 4.5.3.1, tabelle 32 en 33, en kaarte 4 en 5.
30. Brook, G.L. English dialects, p. 110.
31. Lewis, E.G. Op. cit. pp. 29 - 31.

Private moedertaalskole vir moedertaal- en voortgesette onderwys word soms deur immigrante ingestel sodat hulle kinders nie hulle moedertaal moet vergeet nie[32]. 'n Sametrekking van groot getalle immigrante van dieselfde nasionaliteit gee aanleiding tot die stigting van ghettoskole[33]. Die implikasies hiervan is dat die immigrantekinders bedags van 08h00 tot 13h30 die Engelsmedium-skool bywoon, terwyl hulle smiddae van 14h00 tot 16h00 en soms saans of Saterdagoggende van 08h00 tot 12h00 voortgesette onderwys deur medium van hulle moedertaal in die private moedertaalskool ontvang. Hierdie immigrantekinders neem in die reël nie deel aan buitemuurse aktiwiteite nie, ondervind probleme om twee stelle huiswerk te voltooi, en Graad 1-kinders moet twee stelle taalsimbole en skryfwyses gelyktydig aanleer, sodat taalverwarring dikwels voorkom[34]. Hulle is daagliks in aanraking met twee kulture en twee tot drie tale, wat aanleiding kan gee tot kulturele konflik, gruwelike stoutigheid en emosionele onstabiliteit, wat aanpassing in die nuwe omgewing vertraag[35]. Hierdie kinders is bewus van hulle etniese andersheid, wat hulle onseker maak ten opsigte van die groep en kultuur met wie hulle hulle moet identifiseer. Hulle lewe gevolglik periferaal, op die grens van hulle eie en die dominante kultuur[36], of hulle isoleer hulle om nie by een van die kultuurgroepe betrokke te wees nie, en gevolglik is hulle in die skoolklasse opvallend vanweë hulle stilswye[37].

Uit die voorgaande spruit die probleme van kultuurvermengingsonderwys[38]. Die taal en lewensbeskouing van die onderwyser

---

32. Onderhoude met hoofde en onderwysers van Duitse, Portugese en Griekse private moedertaalskole.
33. Vergelyk paragraaf 1.4.4 vir omskrywing van die begrip.
34. Onderhoude met Graad 1-onderwyseresse.
35. Lewis, E.G. Op. cit., p. 26.
36. Menges, L.J. Geschiktheid voor emigratie, p. 58.
37. Persoonlike waarneming.
38. Haynes, Judith M. Educational assessment of immigrant pupils, p. 15.

verskil van dié van die kind, en hierdie verskil is groot genoeg om die invloed van die kragtigste onderwysmiddel, die gesproke en geskrewe taal, te beperk[39]. Die doelstelling van die skool ten opsigte van die opvoeding van die kind, handhawing van dis=sipline, sosialisering, assimilasie en integrasie kan direk met die doelstellings van die ouers bots. Die tradisies en leefwyse van die Suid-Afrikaanse onderwysers en kinders verskil meestal van dié van die immigrantekinders, wat weer aanleiding tot in=passingsprobleme gee[40]. Die skool moet dus 'n nuwe rol vervul waar immigrantekinders betrokke is.

Inskakelingsprobleme kom algemeen by immigrantekinders voor as gevolg van die verskil in kulturele agtergrond en onderwys[41]. Dit is veral die adolessente immigrantekinders wat op die ouder=dom van 12 en ouer immigreer wat met inpassingsprobleme te kampe het[42]. Isolerende groepvorming kom algemeen by immigrantekin=ders voor, en antipatie tussen verskillende nasionaliteite is algemeen. Aanpassingsmoeilikhede, veral van minderbevoorregte immigrantekinders, kan aanleiding gee tot persoonlikheidsteur=nisse soos frustrasie en selfgeringskatting, passiewe terugtrek=king van omgang en veral van kompetisie, ongereelde skoolbywo=ning, vroeë skoolverlating, aggressiwiteit, e.s.m.[43] Dit is 'n interessante verskynsel dat sommige immigrantekinders, wat die onderwysmedium Engels magtig is, moeilik aanpas en geneig is om 'n meerderwaardige houding teenoor die immigrantekinders wat die Engelse taal nie magtig is nie, in te neem. Onder hierdie groep leerlinge is daar ook soms 'n negatiewe houding teenoor Afrikaans as tweede amptelike taal, daar hulle met hulle eie Engelse taal goed oor die weg kom[44].

---

39. Sabey, R.H. Staroveri at school. A case study of the educa=tion of Russian immigrants, p. 1.
40. Theron, S.D. Die rol van die maatskaplike werker t.o.v. die immigrant, p. 9.
41. Bhatnager, Joti. Immigrants at school, pp. 76 - 87.
42. Menges, L.J. Op. cit., p. 96.
43. Persoonlike waarneming.
44. Onderhoud met hoof van private Engelsmediumskool.

Die ingewikkeldheid van die probleem van die onderwys aan immigrantekinders blyk verder daaruit dat die onderwysagtergrond van immigrantekinders in die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie verskil[45]. So kon 'n vyftienjarige leerling wat hom in Duitsland voorberei het vir die abitur, verder gevorder het as 'n vyftienjarige Suid-Afrikaanse leerling. Daarteenoor kon 'n vyftienjarige leerling van 'n ekonomies arm land alreeds twee jaar gewerk het in 'n land waar die skoolplig net tot 12 jaar strek[46], terwyl dié leerling in Suid-Afrika onmiddellik weer skoolpligtig is[47], wat meebring dat so'n leerling 'n klaarblyklik skolastiese agterstand by inheemse vyftienjariges het. Die Kontinentaal-Germaanssprekende immigrantekinders presteer as groep beter as die Engelssprekende immigranteleerlinge, terwyl laasgenoemde weer as groep beter as die anderstalige immigrantekinders presteer[48]. In die nywerheidsgemeenskappe hang die skolastiese prestasie van die immigrantekind sowel as dié van die Suid-Afrikaanse kind ten nouste saam met hulle linguistiese ontwikkeling, kulturele verstokenheid[49] en sosio-ekonomiese agtergrond[50], wat op 'n sosio-pedagogiese probleem dui[51]. Die skolastiese prestasie van immigrantekinders en Suid-Afrikaanse kinders word trouens saam in 'n Suid-Afrikaans georiënteerde didakties-pedagogiese situasie geëvalueer.

Dit is moeilik om 'n getroue aanduiding van die algemene verstandelike vermoë van immigrantekinders te verkry[52]. Die voorspellingsgeldigheid vir skoolprestasie van die totaaltelling

---

45. Oakley, Robin. New backgrounds, p. 120.
46. Koch, Herbert R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 52.
47. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 November 1971, p. 19.
48. Vergelyk paragraaf 4.4, tabelle 25 en 26.
49. Vergelyk paragraaf 1.4.6;
Bloom, B.S. Davis, A. & Hess, R. Compensatory education for cultural deprivation, p. 5.
50. Lawton, D. Social class, language and education, p. 157.
51. Banks, O. The sociology of education, p. 96.
52. Haynes, Judith M. Op. cit., p. 17.

en die differensiële voorspellingswaarde van die nie-verbale, verbale en subtoetstellings van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groep= toets is in hulle geval nog steeds te betwyfel[53]. Die rede hiervoor is dat die toetse vir Suid-Afrikaanse kinders gestan= daardiseer is en nie noodwendig 'n geskikte meetinstrument vir immigrantekinders is nie[54].

Die onderwys van immigrantekinders word ook daardeur geraak dat die immigranteouer moeiliker as die immigrantekind inpas[55]. Die vader moet vanweë sy werk een van die twee amptelike tale aanleer om ekonomies te integreer, terwyl die moeder, deels as gevolg van die taalprobleem, dikwels geïsoleerd tuis bly[56]. 'n Konfliksituasie kan dus tuis ontstaan as die kind se skool= opvoeding, wat geskoei is op die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon, moontlik bots met die kultuurpatroon van die ouer[57]. Dit kan aanleiding gee tot psigologiese probleme vir die kind en tot vereensaming, veral van die adolessent[58]. Die ouers is dik= wels nie betrokke by die skoolaktiwiteite nie, en hulle is on= kundig van die Suid-Afrikaanse kultuur en onderwysstelsel, met die gevolg dat hulle soms afsydig teenoor die skoolopvoeding staan of geneig is om onrealistiese eise aan hulle kinders te stel[59].

Dit is uit die voorgaande duidelik dat die opvoeding van immi= grantekinders ook besondere eise aan onderwysers stel. So by= voorbeeld moet die immigrantekind in Graad 1, en ouer leerlinge by toetrede tot ander standerds, die amptelike voertaal in die minimum tyd bemagtig, want so nie stagneer die onderrig en leer

---

53. Robbertse, J.H. Die voorspelling van waarskynlike skool= prestasie met behulp van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets, p. 5.
54. Cohen, David K. Immigrants and the schools. Review of educational research, Vol. 40, no. 1. Februarie 1970, pp. 13 - 27.
55. Menges, L.J. Op. cit., p. 99.
56. Theron, S.D. Op. cit., p. 7.
57. Swift, D.F. The sociology of education, p. 55.
58. Lewis, E.G. Op. cit., p. 26.
59. Oakley, R. Op. cit., p. 96.

in alle vakke. Die toestroming van immigrantekinders gaan tans met 'n tekort, veral aan Engelssprekende onderwysers gepaard[60]. Die situasie ontstaan gevolglik dat Afrikaanssprekende onderwysers die immigrantekinders in Engelsmediumskole onderrig. Hierdie onderwysers, wat die taal so gou as moontlik aan immigrantekinders moet leer, word verder gekonfronteer met die feit dat daar in die R.S.A. nog geen bepaalde riglyne of beginsels van onderwysmetode vir die spoedverwerwing van 'n basiese woordeskat en gangbare beheer oor een van die twee amptelike tale neergelê is nie[61]. Waar daar geen spesiale immigranteklasse is nie, moet individuele onderwysers, wat geen besondere opleiding in immigranteonderwys gehad het nie, na goeddunke ekstra tyd aan die immigrantekinders bestee om hulle te help om hulle sekondêre voertaal en hulle werk op peil te bring[62].

Die essensie van opvoeding is hulpverlening aan die kind, en dit raak nie net die onderwyser nie, maar die hele skoolstelsel[63]. Daarom is dit essensieel dat alle moontlike leemtes in die hulpverlening en steungewing aan immigrantekinders onverwyld blootgelê en uitgeskakel word. Bogenoemde probleme vestig die aandag op spesifieke terreine van die onderwys, wat besonder noukeurig ondersoek moet word ten einde die effektiefste oplossings vir die probleme te vind, 'n algemene beleid te bepaal en geldige grondslae vir die opvoedende onderwys van immigranteleerlinge in die R.S.A. neer te lê.

Die noodsaaklikheid dat 'n studie soos hierdie onmiddellik onderneem word, blyk nie net uit die voorgaande oriëntering nie, maar word beklemtoon deur die feit dat daar reeds versoeke uit die Parlement tot die Minister van Nasionale Opvoeding gerig is om

---

60. Vergelyk paragraaf 3.7, tabel 21.
61. Persoonlike waarneming en mededeling deur Kroese, H. Direkteur van taaldienste van die Randse Afrikaanse Universiteit.
62. Persoonlike ervaring.
63. Van der Stoep, F. en Van der Stoep, O.A. Didaktiese oriëntasie, p. 1.

ondersoek in te stel na die onderwys van immigrantekinders[64] en dat op die Volkskongres oor Immigrasie, wat in September 1972 in Johannesburg gehou is, besluit is om die regering dringend te vra om 'n omvattende onderwysbeleid vir immigrantekinders op te stel[65]. Dit is klaarblyklik nie net in belang van die immigrantekind dat 'n ondersoek soos hierdie nodig is nie - dit is ook in landsbelang!

Teen die agtergrond van die voorgaande kursoriese oorsig van die problematiek en noodsaaklikheid van ondersoek na die immigranteonderwys hier te lande sal die doel van hierdie ondersoek vervolgens gepresiseer word, enkele begrippe omskryf word, die metodes wat in die ondersoek gevolg gaan word, aangedui word en die program van studie uitgestippel word.

1.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van die studie is om 'n objektiewe beeld van die didaktiese-pedagogiese situasie[66] waarin die immigrantekinders hulle in 'n belangrike verteenwoordigende nywerheidsgroeipunt in die R.S.A. bevind[67], te verkry deur die situasie krities te beskou en sistematies te beskryf om basiese feite te openbaar, leemtes uit te wys en aanbevelings ter verbetering van die onderwys te doen.

Ten einde 'n positiewe bydrae te lewer tot die kennis en insig

---

64. Republiek van Suid-Afrika. Die Minister van Immigrasie. Debatte van die Volksraad, no. 15, 20 - 24 Mei 1968, p. 6118.
65. Anon. Radio moet die immigrant help. Die Transvaler, Vrydag 29 September 1972, p. 5;
Maatskappy vir Europese Immigrasie. Jaarverslag 1972/73, p. 6.
66. Vergelyk paragraaf 1.4.3.
67. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 1.

ten opsigte van die onderwys aan immigrantekinders, is dit nodig om 'n geheelbeeld van immigrasie in die R.S.A. te verkry, aangesien dit bepalend vir die onderwysvoorsiening aan immigrantekinders is. Dit is ook nodig om te bepaal of daar reële verskille op skolastiese terrein tussen immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders voorkom om af te lei of daar besondere aanpassings vir immigrantekinders gemaak moet word.

Om aanbevelings ter verbetering van die onderwys te maak, is dit belangrik om die situasie waarin immigrantekinders die beste sal vorder, te bepaal ten einde die heersende toestand teen die ideale te meet. Vir dié doel is die onderwys aan immigrantekinders ook in die belangrikste immigrasielande sistematies beoordeel.

1.3 Die omvang van die ondersoek

Die ondersoek is in die R.S.A. beperk tot 'n verteenwoordigende nywerheidsgroeipunt, waar immigrante hulle op groot skaal by die yster-en-staal- en die petrochemiesenywerheid in Transvaal en die Oranje-Vrystaat volgens kaart 1 aan weerskante van die Vaalrivier vestig. Die 31 skole van dié gebied, al die skoolhoofde, onderwysers en 17 608 kinders waarvan 2 022 immigrantekinders is, is in die studie betrek[68]. Kaart 1 illustreer die konsentrasie van hierdie kinders in die ondersoekterrein, terwyl kaarte 2 en 3 die verspreiding van skole aandui[69]. Ter wille van anonimiteit word die name van skole verswyg.


Die ondersoek is gedurende 1971 - 72 gedoen met terugverwysing tot 1961, toe die Departement van Immigrasie tot stand gekom het[70]. Dit dek dus die tydperk voor die nuwe gedifferensieerde onderwys.

In die soeke na geldige kriteria vir 'n effektiewe onderwys aan immigrantekinders moes die onderwys van immigrantekinders in ander lande wat ook 'n groot toeloop van immigrante ondervind,

---

68. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
69. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, kaarte 2 en 3.
70. Vergelyk paragraaf 2.5.1.

Kaart 1



*Gegewens verkry van paragraaf 4.3.2, tabel 22.

deeglik in oënskou geneem word. Met die oog hierop is 'n omvattende buitelandse ondersoek ter plaatse gedurende 1972 in Israel, Wes-Duitsland, Switserland, Frankryk, België en Engeland uitgevoer, omdat spesiale reëlings vir immigrantekinders in hierdie lande se onderwysbeleid getref word. Daarby is voorsiening vir onderwys aan immigrantekinders in Nederland, Kanada, die V.S.A. en ander dele van Europa deur middel van korrespondensie en bronnestudie bepaal[71)].

1.4 Omskrywing van begrippe

In die motivering, doelstelling en vasstelling van die omvang van die ondersoek is daar na immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders, die didakties-pedagogiese situasie, ghettoskole, kultuurvermengingsonderwys en kulturele verstokenheid verwys. Dit is nodig dat genoemde terme vooraf volledig omskryf word.

1.4.1 Die immigrantekind

In die soeke na 'n geldige Suid-Afrikaanse definisie vir 'n immigrantekind het dit duidelik geword dat die ouer as kriterium vir so 'n definisie gebruik moet word en dat die definisie bepaalde implikasies vir die ondersoek sal hê.

1.4.1.1 Die soeke na 'n geldige Suid-Afrikaanse definisie

In die R.S.A. kon geen literatuur opgespoor word waarin daar getrag is om die immigrantekind te definieer nie. Die mees algemene definisie in die oorsese literatuur stem ooreen met dié wat vir statistiese doeleindes in Engeland deur die Departement van Onderwys en Wetenskap gebruik word, te wete:

> "Immigrant pupils are those children from outside the British Isles who have come to this country with or to join parents whose country of origin was also

---

71. Vergelyk hoofstuk 5 en persoonlike onderhoude en korrespondensie.

abroad and children born in the United Kingdom to parents whose country of origin was abroad and who came to the United Kingdom on or after 1st January, 1956."[72)]

'n Tweede definisie van die Schools Council word in Engeland in die praktyk gebruik wanneer aanbevelings gemaak word vir die onderrig van Engels. Die kinders word volgens hulle kennis van Engels as medium van onderrig in vier kategorieë ingedeel:

(a) "Children of Asian, African or European immigrant parents, whether born overseas or here, who have not been brought up to speak English as their first language (i.e. the language of the home).

(b) Children of mixed marriages who have not been brought up to speak English as their first language.

(c) West Indies.

(d) Other immigrant groups not covered by the above categories who are potentially a source of special linguistic difficulty to teachers in school."[73)]

Albei hierdie Britse definisies kan nie sonder meer in die R.S.A. gebruik word nie, maar albei bevat elemente wat ook in die R.S.A. geldig is. Die eerste definisie impliseer dat immigrantekinders, kinders van vreemdelinge, afkomstig uit die buiteland is. Die tweede definisie dui op die probleem dat die voertaal, Engels, nie die kinders se eerste of moedertaal is nie, of dat hulle 'n vae begrip van Engels het, wat daartoe aanleiding gee dat die kinders 'n potensiële bron van linguistiese probleme is. Waar die R.S.A. twee amptelike tale het, sal immigrantekinders dus 'n potensiële bron van linguistiese probleme in die voertaal en/of die tweede amptelike taal wees, soos die definisie van immigrantekinders vir

---

72. Power, J. Immigrants in school. A survey of administrative policies, pp. 13 en 14.

73. Loc. cit.

die doeleindes van taalonderwys aandui[74].

Dit is dus vir statistiese doeleindes nodig om 'n definisie van die immigrantekind te formuleer wat vir die heersende toestand in die R.S.A. geldig is en vir die statistiese doeleindes van hierdie studie doeltreffend sal wees.

Die kriterium wat die definisie van die immigrantekind bepaal, is die ouers:

1.4.1.2 Die ouers as kriterium

(1) Immigrantekinders is minderjarige kinders in die eerste geslag van ouers wat wettig as vreemdelinge vir permanente verblyf in die R.S.A. toegelaat is. Permanente verblyf word in die reël ingevolge artikel 4 van Wet no. 1 van 1937 gereël. Dit geskied deur middel van 'n permit van die Immigrantekeurraad, wat by artikel 3 van Wet no. 1 van 1937 ingestel is. Hierdie wet bepaal die voorwaardes vir permanente vestiging in artikel 4(3). Ingevolge artikel 7 bis kan die Minister, of iemand aan wie die Minister sy bevoegdheid oorgedra het, 'n persoon vir permanente vestiging in die R.S.A. toelaat sonder dat so 'n vestigingspermit nodig is. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word sulke ouers ook geag immigranteouers te wees. Hierdie ouers wat 'n permit, volgens artikel 4 van Wet no. 1 van 1937, vir blywende vestiging het, ressorteer onder die Departement van Immigrasie, wat na hulle verwys as immigrante.

(2) Die ouers kan vir hulleself en hulle kinders, wat in die buiteland gebore is, volgens artikel 10 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap no. 44 van 1949, aansoek doen om naturalisasie. Die kinders wat hier gebore is, kan

---

74. Vergelyk paragraaf 4.3.3.3.

ingevolge artikel 3 van Wet no. 44 van 1949 as Suid-Afrikaanse burgers geregistreer word, terwyl hulle ouers nog nie Suid-Afrikaanse burgers is nie. Hierdie kinders word in hierdie ondersoek as immigrantekinders gereken omrede die ouers self nie burgers van die R.S.A. is nie en die kinders dus deurgaan as immigrantekinders volgens die kriterium van hulle ouers as vreemdelinge. Die kind se Suid-Afrikaanse burgerskap is dus nie deurslaggewend nie. Kinders uit 'n gemengde huwelik tussen 'n Suid-Afrikaanse burger en 'n immigrant word ook as immigrante beskou as die ouers die immigrant se taal praat.

(3) Op grond van "blywende vestiging" word onderskei tussen immigrante en vreemdelinge. Vreemdelinge verkry volgens artikel 5 van Wet no. 1 van 1937 'n tydelike permit en ressorteer onder die Departement van Binnelandse Sake. Hulle word tydelik toegelaat en kan dan aansoek om registrasie doen. Albei het nog 'n verantwoordelike posisie kragtens Wet no. 22 van 1913, wat voorsiening maak vir deportasie van ongewenste persone.

Onderstaande definisie van 'n immigrantekind is aan die hand van die voorgaande kriterium van die ouers getoets en vir statistiese doeleindes van hierdie ondersoek vir die R.S.A. geldig bevind.

1.4.1.3 Definisie van 'n immigrantekind vir statistiese doeleindes

'n Immigrantekind is 'n kind van ouers wat as vreemdelinge ingevolge die geldende wetsbepalings (Wet op Vreemdelinge no. 1 van 1937, saamgelees met die Hoofwet : Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913) wettig tot die R.S.A. vir permanente verblyf[75] daarin toegelaat is (kyk

---

75. Die kind wat ingevolge art. 3 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44/49 'n Suid-Afrikaanse burger geword het deur geboorte terwyl die ouers nog nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, word ook ingesluit as 'n immigrantekind. Die ouers self is nog nie Suid-Afrikaanse burgers nie, gevolglik is die kinders volgens die kriterium immigrantekinders.

artikel 10(1)(c) van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap no. 44 van 1949)[76] en vir Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie in aanmerking kom of eventueel kan kom, of tydens die leeftyd van die kind reeds Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie verkry het[77].

1.4.1.4 Implikasies van die definisie vir die ondersoek

Die implikasies van hierdie definisie is dat daar behalwe immigrantekinders, wat in drie groepe verdeel kan word, nog twee groepe kinders is wat buite die definisie val, maar wat in die praktyk as immigrantekinders bejeën word, te wete die kinders van migrerende arbeiders en besoekende skoliere.

1.4.1.4.1 Drie kategorieë immigrantekinders

Immigrantekinders val volgens bogenoemde definisie in drie kategorieë:

(1) Die ouers is vreemdelinge en die kinders is vreemdelinge.

(2) Die ouers is vreemdelinge en die kinders is deur geboorte of naturalisasie Suid-Afrikaanse burgers.

(3) Die ouers is deur naturalisasie Suid-Afrikaanse burgers en die kinders is deur geboorte of naturalisasie Suid-Afrikaanse burgers.

---

76. Burgerskap deur naturalisasie word ingevolge art. 10 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44/49 soos gewysig (Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap no. 64 van 1961) verkry. Burgerskap deur naturalisasie kan in die reël na 5 jaar verkry word en in sommige gevalle selfs na 3 jaar of selfs korter, en in sommige gevalle volgens die diskresie van die Minister. (Vergelyk art. 3 (ter), art. 10(4) bis, art. 10(6), art. 10(8).)

77. Dit kan dus gebeur dat die immigrantekind soos hier omskryf, hetsy deur geboorte (Vergelyk art. 3(1) en 4 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44/49), hetsy deur naturalisasie op aansoek van sy verantwoordelike ouer of voog (Vergelyk art. 10(4) van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44/49) reeds 'n Suid-Afrikaanse burger is. Burgerskap van die kind is vir die doeleindes van dié ondersoek nie bepalend nie.

Bogenoemde vreemdelinge val onder die jurisdiksie van die Departement van Immigrasie, terwyl die Suid-Afrikaanse burgers onder die Departement van Binnelandse Sake ressorteer.

1.4.1.4.2 Kinders van migrerende arbeiders

Internasionale migrerende arbeiders se kinders is minderjarige kinders van ouers wat as vreemdelinge ingevolge die bepalings van die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, saamgelees met die Hoofwet : Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913, wettig tot die R.S.A. vir tydelike verblyf daarin toegelaat is (artikel 5, Wet no. 1 van 1937). Alle vreemdelinge wat kragtens hierdie artikel tot die R.S.A. toegelaat word, ressorteer onder die Departement van Binnelandse Sake, maar hulle kan by die Departement van Immigrasie aansoek doen om permanente verblyf[78]. Dit is 'n algemene verskynsel dat groot getalle vreemdelinge hulle tydelik in die betrokke nywerheidsgebied vir nywerheidskonstruksie vestig met 'n permit van die Departement van Binnelandse Sake. Kinders van hierdie vreemdelinge bevind hulle tydelik (van 3 maande tot 3 jaar en soms permanent) in Engelse skole, waarheen hulle ouers se maatskappy gratis vervoer verskaf[79]. Vanweë die tydelike aard van hierdie kinders se skoolbywoning in verskillende lande is hulle internasionaal bekend as migrerende skoliere[80], en hulle onderwys regverdig 'n afsonderlike ondersoek.

1.4.1.4.3 Besoekende vreemde skoliere

Besoekende vreemde skoliere is minderjarige kinders van ouers, wat in die buiteland woon, van wie die kinders as vreemdelinge ingevolge die geldende wetsbepalings, Wet no. 1 van 1937, saamgelees met die Hoofwet : Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913, wettig tot die R.S.A.

---

78. Vergelyk paragraaf 2.6.1, tabel 2.
79. Persoonlike waarneming.
80. Reul, M.R. Communicating with the migrant. Child Welfare. Vol. 49 No. 3, Maart 1970, pp. 137 - 145.

vir tydelike verblyf (art. 5, Wet no. 1 van 1937) daarin toe=gelaat is vir skoolbywoning (art. 5(1)(g), Wet no. 22 van 1913) as besoekende skoliere. Vir tydelike verblyf ressorteer hulle onder die Departement van Binnelandse Sake en by suksesvolle aansoek om permanente verblyf (art. 4, Wet no. 1 van 1937) onder die Departement van Immigrasie. Kinders uit Griekeland, Zambië, Angola, Mosambiek en Rhodesië, wat by voogde inwoon, besoek veral Engelsmedium sekondêre skole in die ondersoekterrein[81].

1.4.2 Suid-Afrikaanse kinders

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is afkoms in die geval van Suid-Afrikaanse kinders die kriterium. Suid-Afrikaanse kin=ders is dus minderjarige kinders van ouers wat ingevolge die be=palings van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, no. 44 van 1949, Suid-Afrikaanse burgers is. Hierdie kinders is op grond van geboorte (artikels 2 en 3) en afkoms (artikels 5 en 6) vol=gens Wet no. 44 van 1949 Suid-Afrikaanse burgers. In gevalle van verstedeliking word daar ook na hulle en hulle ouers as in=migrante verwys.

1.4.3 Didakties-pedagogiese situasie

Die didakties-pedagogiese situasie is die skoolsituasie in die sin dat pedagogiese sowel as didaktiese doelstellings daarin voltrek word[82]. Die skool is 'n sekondêre idiostante kring[83], wat sekondêr sosiaal met die primêre intraverhouding[84] tussen immigranteouer en -kind in die gesinsverhouding oorvleuel deur

---

81. Persoonlike waarneming.

82. Van der Stoep, F. en Van der Stoep, O.A. Op. cit., p. 123.

83. Stoker, H.G. Christelike opvoedkunde en sy plek in die sis=teem van 'n Christelike wetenskap. Christelike opvoedkunde=kring van Suid-Afrika. Studiestuk nr. 8, pp. 54 en 73.

84. Loc. cit.

die ontmoeting, omgang en handeling met die toetrede van onder= wyser en Suid-Afrikaanse kind, sodat die opvoedingsgebeure nie meer in die idiostante kultuurkring van die immigrant voltrek word nie, maar ook in die Suid-Afrikaanse kultuurkring. Die didaktiek besin hom[85] oor laasgenoemde kultuurkring ten einde die kind tot kulturele mondigheid op te voed. Hierin setel een van die probleme van die onderwys van immigrantekinders, omdat die skool nie los staan van die huisgesin nie. Die kind kry in die skool die geleentheid om volgens sy agtergrond, taal, ouder= dom, aanleg en vermoëns in 'n bepaalde georganiseerde struktuur saam met ander kinders die leerstof met behulp van leermiddele sistematies onder leiding van die pedagoog te verower[86]. Hier= die leerstof is formeel georden in die kurrikula, wat evaluering moontlik maak.

1.4.4 Ghettoskool

Die term "ghettoskool" is vir hierdie ondersoek ontleen aan die literatuur van lande soos Wes-Duitsland en die V.S.A., wat groot getalle immigrante ontvang en dergelike onderwysprobleme as die R.S.A. met immigrantekinders ervaar het, voordat hulle 'n onder= wysbeleid vir immigrantekinders geformuleer het[87].

'n Ghettoskool is 'n private immigranteskool wat deur immigrante van dieselfde nasionaliteit gestig word wanneer hulle 'n sterk nasionale gevoel in die vreemde ontwikkel en die kultuur van hulle land van herkoms aan hulle kinders wil oordra[88]. Hierdie

---

85. Langeveld, M.J. Die Schule als weg des Kindes, p. 130.

86. Van der Stoep, F. en Van der Stoep, O.A. Op. cit., pp. 117 - 123.

87. Koch, Herbert R. Op. cit., p. 177.

88. Borrie, W.D. The cultural integration of immigrants, p. 283.

ghettoskole is private immigranteskole wat smiddae ná die Suid-Afrikaanse skole onderrig in die moedertaal van immigrantekinders gee[89].

1.4.5 Transkulturele of kultuurvermengingsonderwys

Kultuur is die weergawe van die menslike sosiale gedrag, "dat gekenmerkt wordt door het gedragspatroon, het waardenstelsel en de denkstijl der eigen samenleving en dat gebaseerd is op door de groep krachtens haar tradities, zeden, gewoonten en instellingen erkende en gehandhaafde waarden en maatstaven[90]". Onderwys en opvoeding is by uitstek die media om die kulturele erfenis van 'n taal- of volksgemeenskap in te skerp[91] en om sosiale verandering te weeg te bring[92].

Vanweë die ontwikkeling van 'n sterk nasionale gevoel by immigrante in die vreemde voed hulle hulle kinders tuis op in hulle eie nasionale kultuur, terwyl dieselfde kinders by die skool in die Suid-Afrikaanse kultuur opgevoed word, omrede die skool 'n uitingsvorm van kultuur is[93]. Hierdie kulture sal noodwendig graduceel verskil, wat dus kultuurvermengingsonderwys impliseer. Die gebrekkige sinchronisering tussen huislike en skoolopvoeding staan bekend as transkulturele onderwys of sg. cross-cultural education[94]. Om inburgering in hierdie gevalle te bevorder, kan daar gestrewe word na kulturele pluralisme[95] om deur enkulturasie en akkulturasie[96], blootstelling aan en opvoeding in die Suid-Afrikaanse kultuur die mees positiewe tradisies van die

---

89. Onderhoude met hoofde van private immigranteskole; Borrie, W.D. Op. cit., p. 280.
90. De Groot, C. Wat is cultuur? p. 29.
91. Cronje, G. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 100.
92. Swift, D.F. Op. cit., p. 91.
93. Du Plessis, L.J. Aard, doel en uitingsvorme van kultuur in die menslike samelewing. P.U. vir C.H.O. Kursus in kulturele roepingsleer 1958 - 1959, p. 4.
94. Sabey, R.H. Op. cit., p. 1.
95. Lewis, E. Glyn. Op. cit., p. 31.
96. Borrie, W.D. Op. cit., p. 232; Vergelyk paragraaf 4.2.2.

diverse kulture ter verryking van die Suid-Afrikaanse kultuur te behou.

1.4.6 Kulturele verstokenheid of milieugestremdheid

Kulturele verstokenheid of milieugestremdheid[97] is 'n begrip wat op verstokenheid van opvoedkundige geleenthede dui[98]. Dit is veral kinders van ekonomies arm lande wat kultureel minderbevoorreg is, en immigrasie maak dit so opvallend omdat immigrasie 'n kumulatiewe effek op kulturele verstokenheid het[99]. Reeds voor immigrasie is hierdie kinders kultureel minderwaardig ten opsigte van hulle eie kultuur. Emigrasie na 'n stedelike industriële gemeenskap maak die afstand tussen hulle kultuur en die Suid-Afrikaanse kultuur nog groter[100].

Kulturele verstokenheid en milieugestremdheid kom egter ook onder Suid-Afrikaanse kinders in die industriële stedelike gemeenskap en oorgangsones van stede voor.

Kultureel minderbevoorregte kinders is kinders met bepaalde ontwikkelingstekorte ten aansien van die sensomotoriese, verbale en intellektuele funksies, wat 'n belangrike rol by hulle kognitiewe ontwikkeling speel. Kenmerke van kulturele verstokenheid is tekorte in visuele en ouditiewe persepsie, tekorte aan kognitiewe ervaring, 'n beperkte woordeskat en verbale agterstand, wat dui op onvoldoende taalgebruik. Hierdie funksionele ontwikkelingstekorte gee in baie gevalle aanleiding tot swak gerigtheid, swak motivering en leerversteuring in die skoolperiode en dra by tot vroeë skoolverlating[101].

---

97. Kruger, H.B. Die voor-universitêre vorming van die student. Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., Studiestuk nr. 64, p. 17.

98. Bloom, B.S., Davis, A. & Hess, R. Op. cit., p. 80.

99. Ibid., p. 20.

100. Persoonlike waarneming.

101. Sohlberg, S.C. Intelligentie en schoolaanpassing bij oriëntaalse immigrantekinderen in Israel, pp. 36 - 60; Bloom, B.S. e.a. Op. cit., p.12.

1.5 Metode van ondersoek

In die eerste plek word daar deskriptief[102] te werk gegaan ten einde die toestand ten aansien van die onderwys vir immigrantekinders in die R.S.A. en in enkele toonaangewende immigrasielande op hierdie gebied te skets. Tabelle is gebruik om inligting op 'n beknopte, ordelike wyse aan te bied. Diagramme en kaarte is getrek om verspreidings duidelik voor te stel en afleidings te maak.

'n Stelselmatige diepgaande ondersoek van primêre en sekondêre bronne is gedoen om die kennis wat deur jarelange ondervinding opgedoen is, aan te vul. Die literatuurstudie[103] het benewens boeke die volgende historiese bronne ingesluit[104]:

(1) Amptelike dokumente : Jaarverslae en amptelike dokumente, verslae, briewe en publikasies van staatsdepartemente van België, die Bondsrepubliek Duitsland, Engeland, Frankryk, Israel, Nederland, Switserland en die staatsdepartemente van die R.S.A. en provinsies Oranje-Vrystaat en Transvaal. Wette, goewermentskennisgewings en ordonnansies van bogenoemde lande en provinsies is hierby ingesluit.

(2) Nie-amptelike dokumente : Verslae van immigrasieorganisasies, publikasies van navorsingsburo's, kantoordokumente van betrokke skole, landdroskantore en die Departement van Volkswelsyn, publikasies en manuskripte deur akademici en ander navorsers, wetenskaplike tydskrifte en nuusblaaie.

---

102. Van Dalen, D. B. en Meyer, W. J. Understanding educational research, p. 184.
103. Fox, David J. The research process in education, p. 111.
104. Cilliers, S.P. Maatskaplike navorsing, pp. 42, 43; Persoonlike onderhoude en korrespondensie.

Daar is benewens van historiese bronne veelvuldig gebruik gemaak van die volgende veldbronne[105]:

(1) Persoonlike mededelinge: Formeel gestruktureerde of vrye onderhoude[106] onder meer met : die ministers van die Departemente Nasionale Opvoeding en Immigrasie van die R.S.A.; die direkteurs van onderwys van Israel, Switserland en België; inspekteurs van onderwys en administratiewe personeel, prinsipale en onderwysers van bogenoemde lande, die Bondsrepubliek Duitsland, Frankryk, Engeland en die R.S.A., en ouers en kinders in die ondersoekterrein van die R.S.A.[107]; en korrespondensie met administratiewe personeel van die onderwysdepartemente van Nederland, Illinois en Ontario[108].

(2) Direkte waarneming: Persoonlike waarneming bly die aangewese metode van ondersoek, waar individue en groepsaktiwiteit nagevors word[109]. Die ondersoek is derhalwe tot die betrokke industriële gebied, waar 2022 immigrantekinders op skool is, beperk omdat die ondersoeker, vanweë 10 jaar ervaring in 'n skool met ongeveer 50% immigrantekinders die ondersoek op direkte waarneming kon baseer[110].

Voorts is 'n statistiese analise van die aantal en verspreiding van immigrantekinders in die betrokke nywerheidsgroeipunt gedoen, en steekproewe is uit die universum getrek[111], om die ouderdom, lengte van verblyf, skoolbesoek, intelligensiekwosiënt

---

105. Ibid. , p. 44.
106. Van Dalen, D. B. en Meyer, W.J. Op. cit., pp. 254 - 262; Vergelyk paragraaf 3.2.
107. Vergelyk die vraelys.
108. Vergelyk persoonlike onderhoude en korrespondensie.
109. Van Dalen, D. B. en Meyer, W. J. Op. cit., p. 272.
110. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.
111. Fox, David J. Op. cit., p. 350.

en skolastiese prestasie van immigrantekinders met dié van 'n kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders te vergelyk.

Immigrasie na die R.S.A. is egter deel van 'n veel groter immigrasiebeweging[112]. Daarom kan daar met vrug gelet word op pogings in ander lande om effektiewe onderwys aan immigrantekinders te verskaf. Met die oog hierop is vergelykend te werk gegaan aangesien,

> "...the practical value of studying in a right spirit and with scholarly accuracy the workings of foreign systems of education is that it will result in our being better fitted to study and understand our own."[113]

Deur hierdie metode te volg en die besondere Suid-Afrikaanse omstandighede in ag te neem, is dit moontlik om kriteria te vind waaraan 'n effektiewe onderwys van immigrantekinders hier te lande moet voldoen. Voorstelle ter verbetering van die onderwys kan in die lig van evaluering gedoen word, en die implikasies van sodanige voorstelle kan bepaal word.

1.6 Program van ondersoek

In die lig van voorgaande oriëntering, ten opsigte van die onderwys van immigrantekinders in die bepaalde ondersoekterrein, sal die studie soos volg verloop :

In die hierop volgende hoofstuk 2 word immigrasie in die R.S.A. as algemene agtergrond, waarteen die onderwys van die immigrantekind gesien moet word, gestel.

Hoofstuk 3 gee 'n uiteensetting van die onderwys van immigrantekinders in die bepaalde nywerheidsgebied.

---

112. Handlin, Oscar. The positive contribution of immigrants, p. 3.

113. Kandel, I.L. The new era in education, p. 10.

Die probleme wat in die betrokke ondersoekterrein, uit die onder= wys van immigrantekinders voortspruit, word in hoofstuk 4 uiteen= gesit.

Hoofstuk 5 handel oor pogings wat in toonaangewende oorsese lande aangewend word om effektiewe onderwys aan immigrantekinders te verskaf.

Moontlike oplossings vir die probleme, wat met die onderwys van immigrantekinders in die betrokke nywerheidsgebied ervaar word, word met inagneming van bepaalde kriteria in hoofstuk 6 voorge= stel.

Hoofstuk 7 dien as samevatting van die ondersoek, bevindings en aanbevelings.
